**18 Januarie 2014**

**Skrifgedeelte: 1 Timoteus 1:12-17**
**Fokusgedeelte: 1 Timoteus 1:17**

## Ons redding is tot God se eer en heerlikheid

Paulus het ’n verskriklike verlede gehad – hy het die kerk van die Here probeer uitroei! Dink u dat Satan Paulus vir ’n oomblik hieroor sou uitlos? Hy was ’n lasteraar, vervolger en geweldenaar. Hy noem homself die vernaamste sondaar. Tog kan hy hieroor skryf, want Paulus hou onwrikbaar vas aan die Here se genade. Christus het hom as die vernaamste sondaar gered. Christus het Paulus gered om ’n voorbeeld te wees van hoe groot sy genade werklik is (vs 16). Hy het Paulus tot sy eer en sy heerlikheid gered. Daarom styg hierdie gedeelte op na die woorde: “Aan die Koning van die eeue, die onverderflike, onsienlike, alleenwyse God, kom toe die eer en die heerlikheid tot in alle ewigheid!”

Paulus weet dat dit alles ten diepste oor die eer van God gaan. In hierdie wete is daar vastigheid en kalmte. Satan kan nie vir Paulus oor sy verlede vastrek nie, want Paulus se sonde is vergewe tot God se eer. God het vir Paulus omgedraai op die pad waarop hy was. Hy het Paulus tot inkeer gebring, sodat Hy in Paulus verheerlik kan word. Vir Christus wat sy Vader volkome geëer en verheerlik het, was daar geen genade aan die kruis nie.

So het Hy ook ons mees verskriklike sondes gedra. Daarom kan ons weer tot God se eer lewe. ’n Gelowige wat in die sondes van die verlede bly vaskyk, word gekniehalter. Dan fokus jy op jouself en nie op die eer van God nie. Wanneer dit om sy eer gaan en nie meer oor myself nie, maak dit my al hoe meer bestand teen Satan se aanslae. ’n Lewe waarin God se eer en heerlikheid gesoek word, verlos jou van ’n skuldige gewete en fokus opnuut weer op God se genade.

Lewe vandag opnuut weer tot die eer en heerlikheid van God. Dis die rede waarom Hy jou verlos het!

Sing: Psalm 36:2, 3

Ds RA (Ronald) Bain (Cachet)